Oordenking
2 Junie 2010.

As ons anders begin dink...

Romans 8: 5- 7: Dié wat hulle deur hulle sondige natuur laat beheers, hou hulle besig met die dinge van die sondige natuur, maar dié wat hulle deur die Gees laat beheers, hou hulle besig met die dinge van die Gees. Die dinge waarmee die sondige natuur van die mens hom besig hou, loop uit op die dood, maar die dinge waarmee die Gees Hom besig hou, bring lewe en vrede. Die dinge waarmee die sondige natuur van die mens hom besig hou, is immers vyandskap teen God. Die sondige natuur onderwerp hom nie aan die wet van God nie, dit kan trouens ook nie

Paulus praat oor die kontras tussen die natuurlike sondige manier van dink en doen, teenoor die mens wat anders begin dink omdat sy doen en late nou deur die Gees beheers word.
Een van die werke van die Heilige Gees, is om ons met nuwe dinge besig te laat raak, want ons is gewoonlik in opstand teen verandering, veral verandering wat van ons vra om meer energie te spandeer aan die lewe en vrede wat die Gees gee.
Ons natuurlike, sondige gedagtes fokus op die fisiese, materiële en selfsugtige. Daar mag ook gedagtes oor God wees, maar dit is gewoonlik gedagtes oor hoe om God volgens ons terme en voorwaardes te nader. Gewoonlik is die natuurlike mens maar besig met sy eie dinge en hoe om homself tevrede te stel.

Maar wat 'n verandering vind plaas as ons gered is! Geredde mense faal ook die Here, maar hulle gedagtes fokus nou op wat uit die hemel kom en dit gee rigting aan alles waarmee hulle hul besig hou. Hulle is lief vir God en vir alles wat met Hom verband hou – sy Woord, sy mense en sy aanbidding. Want hulle is deur die bloed van Jesus vrygemaak van die oorheersing van selfsug. Die Heilige Gees verander ons denke oor God en oor onsself. "Ons" is nie meer die fokuspunt nie, maar ons is besig met die lewe en vrede wat die Gees vir ons begeer.

Ons toewyding gedagtes verander. Die natuurlike mens is God se vyand en sy gedagtes is daarvan vol. Daarom weier dit om God toe te laat om dit te regeer en volgens sy wil te lei.

Maar die denke van mense wat gered is, word weggetrek van die "self" en "selfsugtigheid". Dit bring nou die gedagtes voort wat die Gees vir ons gee. Die gelowige ondervind dat dit moontlik is om besig te wees met wat die Here vir ons begeer en wat die lewe en vrede van God tot stand bring in ons gemeente, ons gesinne en elke ander faset van ons lewens.

Wat 'n kontras! Wat 'n Verlosser!
Die menslike natuur is sterk, maar die Heilige Gees is sterker.
Ons mag hardkoppig en verward wees en gefokus op onsself, maar die Gees maak ons harte sag, fokus ons op God en lei ons volgens die begeertes van die Gees vir ons lewens.
Dankie, Here, vir soveel genade.